Stel perke

Jy het vriende van die teenoorgestelde geslag, en dit is nie verkeerd nie. Maar probleme sal ontstaan as jy nie gereed is om met iemand uit te gaan nie en as jy een van hulle, sonder dat jy dit besef, laat dink dat jy meer as net vriende wil wees. Hoe kan jy keer dat dit gebeur?

Die sleutel is om perke te stel. Om jou te help om dit te doen, kyk na die volgende ondervindinge en beantwoord dan die vrae.

WARE VERHAAL

“Sy het gedink dat my gevoelens verander het”

’n Jong man met die naam Jason was baie goeie vriende met ’n meisie. “Ons het saam besluit dat daar niks romanties tussen ons is nie”, sê hy. Maar Jason het aangehou om vir die meisie baie teksboodskappe te stuur en het haar geselskap uitgesoek. “Dit was ’n fout”, erken hy. “Sy het gedink dat my gevoelens verander het en dat ek haar aanleiding gee.”

Wat het die meisie, al het hulle reeds oor hulle verhouding gepraat, laat dink dat Jason in haar belangstel?

Hoe kon Jason, *sonder* om romantiese seine te stuur, perke stel wat hulle vriendskap sou beskerm?

“As ’n meisie al my foto’s op sosiale media begin ‘like’, dink ek dat sy in my belangstel.”—Steven.

www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

WARE VERHAAL

“Hy het gesê dat ek met sy gevoelens gespeel het”

Annette en ’n ou het begin gesels—“meer as wat ons moes”, erken sy nou. “Ek het gedink dat hy ’n goeie vriend is. Ons het baie tyd saam deurgebring, maar ek het nie romantiese gevoelens vir hom gehad nie. Ek het ook nie gedink dat hy in my belangstel nie. Ná ’n rukkie het hy gevra of ek met hom wil uitgaan. Toe ek vir hom sê dat ek hom net as ’n vriend beskou, was hy ontsteld. Hy het gesê dat ek met sy gevoelens gespeel het en dat ek dit opsetlik gedoen het.”

Dink jy dat hy rede gehad het om te dink dat Annette gevoelens vir hom het? Hoekom of hoekom nie?

Watter perke kon Annette gestel het om te keer dat hy van haar begin hou?

“Daar is al gesê: ‘Wat jy toelaat, sal ook gebeur.’ Jy stuur nie net die verkeerde boodskap as jy iemand aanleiding gee nie; dit kan ook soms gebeur as jy dit nie duidelik maak dat jy nie dieselfde oor iemand voel nie.”—Karen.

www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

WARE VERHAAL

“Ons was heeltyd bymekaar”

Rachel het gedink dat ’n ou in haar belangstel. “Almal kon sien dat ons heeltyd bymekaar was”, sê sy. “Eenkeer het hy selfs sy arm ’n hele rukkie om my gehou. Ek het gedink dat hy gevoelens vir my het—maar toe ek met hom oor ons verhouding praat, het hy gesê dat hy my net as ’n vriend beskou!”

Het Rachel rede gehad om te dink dat hy meer as net vriende wou wees? Hoekom of hoekom nie?

Watter perke kon hy gestel het sodat sy nie kon dink dat hy meer as vriende wil wees nie?

“Dit kan jou laat goed voel oor jouself as iemand in jou belangstel, en jy laat dit dalk toe sodat jy kan aanhou om so te voel. Maar jy is volwasse as jy ander se belange eerste stel en as jy dit vermy om iemand seer te maak.”—Brittany.

www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania